

5 Mei

Genesis 32:7-12, (Teks: 32:7-10)

Jakob se gebed 1 (Erken loof die Here)

Jakob is bang. Hy vrees vir sy lewe. Hy is bekommerd oor vroue en kinders wat hulle lewens kan verloor oor Esau se woede. En tog... toe hy tot die Here in sy nood bid, het hy nog steeds die tyd om heel eerste die Here te loof: Die HERE, God van die verbond; God van sy voorgeslagte; die God wat met hom gepraat en hom geroep het; die Here wat beloof het om aan hom goed te doen; die Here wat getrou is; die Here wat versorg; die Here wat gunsbewyse gee.

Dan bely Jakob sy eie kleinheid en nederigheid voor God: Ek is dit nie werd nie; kyk hoe arm was ek; kyk hoe groot het U my gemaak!

Ons beleef ook bang tye waarin ons vrees vir onself en ons eggenotes en ons kinders se voorspoed en lewe. Ons mag ook hieroor bid. Maar ons moet soos 'n Jakob bid: Erken eers jou diepe afhanklikheid van die Here; erken sy grootheid en goedheid; erken sy gunsbewyse en sy trou waarmee Hy jou versorg het.

Wie van ons erken nog voor die Here dat ons niks gehad het toe ons in die wêreld gekom het, en dat ons nou so baie het? Nee, ons tel ons besittings en ons tel ons geld en dan kla ons omdat dit nie genoeg is nie; dan kla ons omdat ons al hoe armer word!

Oor almal wat tot Hom geroep het, het Jesus die hoogste lof gehad vir hulle wat in kleinheid en nederigheid die Goddelike genade kon erken. Vir 'n man wat kon sê: "Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie"(Matt 8:8). Vir 'n vrou wat kon sê: "Here, die hondjies eet darem onder die tafel die kindertjies se oorskiet" (Mark 7:28).

Sing: Psalm 100:1, 2

Ds. J.H. Cilliers (Standerton)